

**Woensdag 23 Februarie**

**Skrifgedeelte: Kolossense 3:18-4:1**

**Fokusgedeelte: Kolossense 3:20-21; Heidelbergse Kategismus Vraag 104**

**Die Here bepaal ouers en kinders se optrede teenoor mekaar**

Christen-jongmens, beskou jy jou ouers as oudmodies? Dalk verkramp? Miskien versukkeld en eentonig? Jongmens, skaam jy jou vir jou ouers omdat hulle nie tred hou met die tyd nie? Hulle musieksmaak is prehistories! Hulle denke pas nie by die rekenaareeu nie! Hulle ... ag, vergeet dit maar liever.

Dit is wat jy sê. Maar wat sê God van jou ouers? Ons kry die antwoord in vers 20: "Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo." Dit is nie die dominee of kerkraad nie, maar die opgestane Here (*Kurios*) Jesus wat dit van jou verwag. Dit is die Een wat jou duur met sy bloed gekoop het en nou die aanspraak en gesag oor jou lewe uitoefen, wat dit van jou verlang. Dit beteken net een ding: ongehoorsaamheid aan jou ouers is ongehoorsaamheid aan koning Jesus Christus. Gaan jy die Here eer met jou gehoorsaamheid teenoor jou ouers?

Gelowige pa en ma, koning Jesus het die vyfde gebod ook vir jou bedoel. Dit gaan in hierdie gebod nie net oor onderdane nie, maar ook oor gesagsdraers. Hy het jou uitgekies en begenadig om jou kinders deur jou te regeer. Hy kon engele vir die werk gekies het, maar Hy kies jou! Vir hierdie geweldige taak moet jy hoor: "Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie."

Pa en ma, die gevaar bestaan dat jy jou kinders van jou af kan wegjaag deur aanmekaar vitterig te karring oor allerlei voorskriffies van moets en moenies. Jy maak hulle moedeloos. Jy knak hulle Christelike inisiatief en ondernemingsgees. Wat moet hulle dan by jou sien? Hulle moet by jou sien dat koning Jesus ook jou koning is. Hulle moet by jou die egte Christelike vryheid sien wat Christus se verlossingswerk in jou lewe gebring het. Hulle moet God se genade by jou sien wat jou losgemaak het van wettiese gehoorsaamheid aan God. Hulle moet jou liefde vir die Here sien. Buig jy op jou knieë, en hulle knieë sal makliker buig. Gaan jy kerk toe, en hulle sal makliker volg. Laat hulle die jubel en lof in jou dankbare optrede sien.

Ouers en kinders, bepaal Jesus Christus nog julle optrede teenoor mekaar?

*Sing: Skrifberyming 16-1:1*

*Ds. T.J. Potgieter (Theuns) (Port Elizabeth)*